

DIE HISTORIESE KOMPAS



Nommer 6

Desember 2015

Lees in hierdie uitgawe:

- **Die waarheid oor Verwoerd**
Besonderhede van 'n beplande dokumentêre film oor die lewe van Dr Verwoerd.
-en oor Mandela
Inligting oor 'n boek waarin die ware feite oor Nelson Mandela gegee word.
- **2015: 'n Terugskouing deur die eeue**



DIE WAARHEID OOR VERWOERD

In die eerste aflewering in ons beplande reeks artikels oor Dr Verwoerd in die aanloop tot die 50-jarige herdenking van sy dood in 2016 het ons geskryf dat die ware Dr Verwoerd bekend gestel moet word aan die volk wat hy gedien het. Reeds in September 2012 het ons by Suidland Media, met die bekendstelling van 'n aantal historiese DVD's, soos volg geskryf: "Verder bly dit altyd 'n vraag hoekom daar nog nie 'n behoorlike omvattende dokumentêre film in Afrikaans oor die lewe van Dr Verwoerd gemaak is nie. Is daar nie dalk iemand wat die inisiatief wil neem om dit te doen nie?" En: "Ons kan niks doen om Dr Verwoerd as persoon weer na ons terug te bring nie. Ons kan egter baie doen om sy goeie naam te herstel en daartoe kan die verspreiding van [só 'n Verwoerd] DVD beslis 'n bydrae lewer."

Dit is vir ons nou 'n besondere, hartverwarmende voorreg om hier aan te kondig dat daar wel met 'n projek begin is om 'n dokumentêre film, in DVD-formaat, oor Dr Verwoerd se lewe te maak. Die projek word onderneem deur *Die Instituut vir Kultuur en Geskiedenis*, en wel onder leiding van Johan Wiesner en Meinhard Peters. Beide van hulle het 'n persoonlike verbintenis met Dr Verwoerd gehad. Johan se vader, mnr Louis Wiesner, was een van die pioniers van die Afrikaanse rolprentbedryf en het hierdie kennis van hom tot die beskikking van Dr Verwoerd gestel toe laasgenoemde die redakteur van *Die Transvaler* van 1937 tot 1949 was. Johan sal die tegniese gedeelte van die projek hanteer. Meinhard het vir Dr Verwoerd sedert sy kinderjare geken omdat sy familie baie betrokke was by die Nasionale Party organisasie in Meyerton, die kiesafdeling aan die Oos-Rand wat Dr Verwoerd in die Volksraad verteenwoordig het. Hy sal die draaiboek vir die film skryf.

Johan het alreeds baie filmmateriaal versamel en onderhoude gevoer, onder andere met die kinders van Dr Verwoerd. Hy beskik oor inligting oor verskeie fasette van Dr Verwoerd se lewe wat nog nooit in die openbare domain bekend was nie. Die teikendatum van die bekendstelling van die film is **Saterdag 10 September 2016** en dit sal in Pretoria gedoen word. Dr Verwoerd is op Saterdag 10 September 1966 begrawe. Soos die projek vorder, sal meer besonderhede bekend gemaak word. Op hierdie stadium is dit Johan en Meinhard se versoek dat alle Afrikaners en Afrikanerorganisasies wat graag by die projek betrokke wil wees die datum van Saterdag 10 September 2016 daarvoor sal oophou. Hulle vra ook vriendelik dat Afrikanerorganisasies geen ander aktiwiteite vir dié datum reël nie.



..... EN OOR MANDELA

Verwoerd en Mandela was seker die twee politieke persoonlikhede in die moderne tyd oor wie daar die meeste leuens versprei is, in die eerste geval om sy nalatenskap te beklad en te beswadder en al die goeie dinge wat hy aan al die mense van die land gedoen het te verduister. In Mandela se geval was daar 'n georkestreerde aksie om hom op te hemel tot iets wat hy nooit was nie en die kwaad wat hy en sy handlangers teen die land en sy mense beplan het, te verswyg. Net soos wat Afrikaners die waarheid oor Verwoerd moet hoor, moet hulle ook die waarheid oor Mandela hoor, ten einde 'n feitelike en ewewigtige geskiedenisbeeld te vorm. Hiertoe het die historikus Dr Pieter Möller reeds 'n reusebydra gelewer met sy pas-bekendgestelde boek *Die Mandela Legende II : Sy Nalatenskap/The Mandela Legend II : His Legacy*. Dit is die vyfde hersiene druk van vorige vier drukke wat net as titel gehad het, *Die Mandela-Legende/The Mandela Legend*. Die teks van die eerste vier drukke is dieselfde, maar hierdie hersiene druk is bygewerk tot na sy dood. Dit beslaan 196 bladsye en bevat die volgende 14 hoofstukke:

Inleiding

Voorgeskiedenis van Mandela

Mandela verhef tot simbool van die ANC-vryheidstryd

Rivonia: 'n Duiwelse komplot om die Suid-Afrikaanse regering omver te werp

Mandela en Kommunisme

Mandela het nooit geweld afgesweer nie

Die Nasionale Party en Mandela

Mandela en die Engelstalige wêreld

Mandela se nalatenskap: Was hy die groot staatsman waarvoor hy wêreldwyd uitgegee word?

Siekte en dood van Mandela

Spesiale Kerkdiens

Huldigingsdiens

Begrafnis

Die Mandela-testament

En steeds duur die euforie voort

Slot

Bronnelys

Die Engelse deel is 'n presiese weergawe van die Afrikaanse. Die Afrikaanse en Engelse teks word deur kleurfoto's geskei waarin Mandela saam met geesgenote soos Gadaffi, Castro en Mugabe verskyn, asook foto's van die brutale moorde wat op Blankes gepleeg word (onder meer Eugene Terreblanche) en van halssnoermoorde. Dan is daarin ook vier bladsye opgeneem waarin Adian Hartley van *The Daily Mail* hom uitlaat oor die geweldsmisdade in Suid-Afrika.

Vanaf die hoofstuk oor Mandela en die Engelstalige wêreld is dit nuwe teks. By die voorafgaande hoofstukke is enkele toevoegings en wysigings aangebring. In die langste hoofstuk word Mandela se uitsprake/voornemens/beloftes getoets aan dit wat tans in Suid-Afrika gebeur en word tot die slotsom gekom dat hy nie so 'n uitstaande staatsman kon wees nie. In werklikheid het baie van die dinge wat tans plaasvind, soos bv. korrupsie en "Affirmative Action" alreeds in sy ampstyd begin. Nietemin duur die euforie oor hom steeds wêreldwyd ongebreideld voort. Uit die hoofstukke wat voorheen in die eerste vier uitgawes opgeneem is, word duidelik aangetoon dat hy 'n gewelddadige terrorist was. In 'n nuwe hoofstuk word aangetoon dat hy 'n kommunist was, soos selfs deur die SAKP na sy dood bevestig is. Die sinkretisme by sy begrafnis en so meer bewys ook dat hy nie 'n Christen was nie. Enkele nuwe foto's is ook toegevoeg soos bv. dié van die verminkte driejarige Cornelia Koekemoer na die stasiebom destyds, 'n pragtige kleurfoto van Dr. Verwoerd en foto's van Mandela se begrafnis en standbeelde wat vir Mandela opgerig is."

Die boek kan direk by die skrywer bestel word, verkieslik deur e-pos by pieterwillemmoller@gmail.com maar ook by **072 – 200 3977** of **012 – 807 0680**. Die prys beloop R200 plus R50 posgeld. Bankbesonderhede vir direkte inbetalings kan van die skrywer verkry word en die koper se van moet altyd as verwysing by die inbetaling aangegee word.



2015

'N TERUGSKOUING DEUR DIE EEUE

"Hoe dieper jy in die verlede inkyk, hoe verder kan jy in die toekoms insien" het Winston Churchill, Britse Eerste Minister tydens die Tweede Wêreldoorlog, gesê. Dit is goed om van tyd tot tyd bietjie terug te dink oor wat op sekere momente in die geskiedenis gebeur het. Die jaar 2015 bied in vele opsigte so'n geleentheid. Verskeie groot gebeurtenisse wat ons lewens gevorm het en ons toekoms in 'n groot mate gaan bepaal, kan in veelvoudige van dekades gelede getel word. Ons noem 'n paar van die belangrikstes.

- **450 jaar gelede : 11 September 1565 : Beëindiging van die beleg van Malta deur die Islam.** Baie min mense weet vandag van die Islamitiese opmars teen Europa gedurende die middeleeue, gelei deur die Turkse ryk. Die verowering van die eiland Malta was vir hulle 'n baie belangrik strategiese doelwit vanweë sy ligging in die Middellandse see op die seeroete van Turkye na Wes-Europa. Die eiland was beset deur die ridders van die orde van die Heilige Johannes (Knights of the Order of St John), soos dit bekend gestaan het.

Die Turkse aanval op Malta het in Mei 1565 begin. Die aanvalsmag het oor 193 skepe en ±48 000 soldate beskik. Aan Malta se kant was daar ±9 000 man waaronder 700 ridders. Na ongeveer vier maande se geveg, met groot lewensverlies aan albei kante, moes die Turke uiteindelik op 11 September 1565 die aftog blaas. Dit was 'n keerpunt in hulle opmars teen Europa en van daar af is hulle teruggedryf uit Suidelike Europa uit. Daardeur kon Europa vir die Christendom behoue bly en kon die uitdra van die evangelie oor die hele wêreld plaasvind.

Ongeveer 120 jaar later, in 1683 is die Turke ook op 11 September verslaan toe hulle probeer het om Wenen in Oostenryk te verower. Daar is historici wat reken dat die aanval op 11 September 2001 op die Twin Towers in New York gesien kan word as Islamitiese wraakneming. Die geskiedenis van die Islamitiese aanslag op Europa bied ook 'n

interessante perspektief op die huidige toestroming van Moslems na Europa. (*Hierdie inligting is geneem uit die Nuusbrief van The Reformation Society in die Kaap*).

- **350 jaar gelede: 28 September 1665: Begin met skoonmaak van die terrein waar die Kasteel de Goede Hoop in die Kaap later opgerig gaan word.**

Terwyl die Islamitiese opmars teen Europa in volle swang was, het die Protestantse hervorming daar plaasgevind en Holland was een van die lande wat die Protestantse geloof aangeneem het. Toe Van Riebeeck in 1652 Kaap toe gekom het, het hy nie as 'n Islam en ook nie as 'n Rooms-Katoliek gekom nie, maar as 'n Protestant en so is die Gereformeerde geloofstradisie na Suid-Afrika gebring.

Die vestiging van die Westerse Christelike beskawing in Suid-Afrika het met geweldige menslike opofferinge en inspanning gepaard gegaan en die Kasteel staan vandag daar as 'n sigbare herinnering daaraan.

- **330 jaar gelede : 18 Oktober 1685 : Herroeping van die Edik van Nantes.** In 1685 word die Edik van Nantes, waardeur geloofsvryheid aan Protestante in Frankryk toegestaan is, herroep en 'n geweldige vervolging breek uit teen Protestante. Ongeveer 400 000 van hulle het die land verlaat en 'n aantal van hulle het aan die Kaap beland. Hulle het 'n groot bydrae tot die vorming van die Afrikanervolk op vele terreine van die volkslewe gelewer.
- **220 jaar gelede : 6 Februarie 1795 : Stigting van die Republiek van Graaff-Reinet.** Vanaf die volksplanting in 1652 het blanke koloniste geleidelik Ooswaarts getrek op soek na weiding vir hulle vee en uiteindelik in die huidige Oos-Kaap beland. Hoe verder hulle van die Kaap af beweeg het, hoe sterker het die sin vir vryheid en selfstandigheid natuurlik in hulle ontwikkel. Dit het hulle in botsing gebring met die outokratiese optrede van die amptenare van die Kompanje aan die Oosgrens en op 6 Februarie 1795 word die Republiek van Graaff-Reinet uitgeroep. In Junie van dieselfde jaar word ook die Republiek van Swellendam uitgeroep.
- **200 jaar gelede : 10 Oktober 1815 : Die Slagtersnek-opstand.** Net na die stigting van die Republieke van Graaff-Reinet en Swellendam word die Kaap deur Brittanje verower en die bestaan van die Republieke word beëindig. Heel gou ontwikkel daar egter ook verzet teen die onderdrukking en onregverdige beleid van die Britte teenoor die koloniste. Dit loop uit op 'n rebellie waartydens vyf van die leiers by Slagtersnek naby Grahamstad gehang word. Toe ene Freek Bezuidenhout hom teen inghegtenisname deur die Britse owerhede verzet, vind daar op 10 Oktober 1815 op sy plaas 'n skietgeveg plaas waartydens hy doodgeskiet word. Dié gebeurtenis het tot geweldige anti-Britse gevoelens aan die Oosgrens aanleiding gegee.
- **190 jaar gelede : 10 Oktober 1825 : Die geboorte van Paul Kruger.** Toe Stephanus Johannes Paulus Kruger tien jaar later op 10 Oktober 1825 op die plaas Bulhoek naby Steynsburg as die seun van Casper en Elsie Kruger gebore is, sou hulle beslis nie kon droom dat hy so'n oorheersende rol in die latere vryheidstryd van sy volk en in die vestiging van die Transvaalse Republiek sou speel nie. Hy word in 1883 verkies tot President van die ZAR en was ook die laaste President van Transvaal. Op 10 Oktober hierdie jaar is die 190ste herdenking van sy geboortedag gevier.
- **180 jaar gelede : 1835 : Die Groot Trek.** Die Groot Trek het oor 'n periode van drie jaar gestrek, maar 1835 word algemeen aanvaar as die jaar waarin dit begin het. Die ontevredenheid met Britse heerskappy en die onveilige toestande wat aan die Oosgrens geheers het, het die koloniste tot die besef gebring dat daar vir hulle en hulle kinders geen toekoms onder Britse bewind is nie en ongeveer 10 000 van hulle het hulle plase en baie ander aardse besittings agtergelaat en met hulle ossewaens die binneland ingetrek, op soek na 'n land waar hulle hulleself in vrede kon regeer. Dit loop uit op die groot militêre oorwinnings oor die Matabeles en die Zoeloes by Vegkop en Bloedrivier en die latere stigting van die Republieke van die Vrystaat en Transvaal.

- **150 jaar gelede: 16 November 1855: President M W Pretorius stel in die Transvaalse Volksraad voor dat Pretoria die hoofstad van die Zuid-Afrikaanse Republiek word.** Dit is só genoem ter ere van Andries Pretorius, die man onder wie se leiding die Voortrekkers dié slag van Bloedrivier gevoer het. Pretoria word later die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika.
- **140 jaar gelede : 14 Augustus 1875 : Die geboorte van Afrikaans.** Terwyl Afrikaners in die binneland van Suider-Afrika besig was om vir hulle 'n nuwe tuiste te skep, het 'n nuwe taal, Afrikaans sy beslag begin kry aan die Kaap. Op 14 Augustus 1875 word die Genootskap van Regte Afrikaners in die Paarl gestig om die verdere ontwikkeling van Afrikaans te bevorder. Dié dag word gehou as die amptelike geboortedatum van Afrikaans en op 14 Augustus 1975 is die Taalmonument op die Paarlberg ter herdenking van die honderdjarige bestaan van Afrikaans ingewy.
- **110 jaar gelede : 1905 : Stigting van die Het Volk Party.** Na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 en die verskriklike verwoesting wat met die oorlog gepaard gegaan het, het dit 'n tyd geneem vir die Boere om tot verhaal te kom. Algaande het die besef begin posvat dat hulle weer uit die as moet opstaan en die stryd om die herwinning van hulle vryheid moes hervat. Die stigting van die Het Volk Party in Transvaal en die Orangia-Unie in die Vrystaat was die begin hiervan.
- **80 jaar gelede : 1925 : Afrikaans word die amptelike taal van Suid-Afrika.** Na die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was Hollands en Engels die amptelike landstale. In 1925 is Afrikaans in die plek van Hollands as amptelike taal ingestel.
- **50 jaar gelede: 11 November 1965: Ian Smith, Rhodesiese Eerste Minister verklaar die land eensydig onafhanklik van Brittanje.** Hierdie gebeurtenis het geweldige internasionale teenkanting uitgelok, omdat die regering van Ian Smith 'n blanke regering was. Hy geniet egter die volle ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering, toe nog onder leiding van Dr H F Verwoerd. Dr Verwoerd word egter in 1966 vermoor. Hy word opgevolg deur mnr B J Vorster en onder laasgenoemde se leiding word Smith afgepers om 'n swart meerderheidsregering vir sy land te aanvaar en die huidige Zimbabwe is die uiteinde daarvan.

WAT VAN DIE TOEKOMS?

Die gesegde, "As jy nie weet vanwaar jy kom nie, sal jy ook nie weet waarheen jy op pad is nie" is redelik bekend onder ons. Elke leser van hierdie artikel moet vir homself uitmaak wat die betekenis van die genoemde gebeure vir die toekoms inhou. Een ding is egter duidelik. Hulle kon net plaasvind omdat daar manne en vroue was wat bereid was om groot persoonlike offers ter wille van die bereiking van toekomsideale te bring. Ons geniet vandag die vrugte van hulle opofferinge en inspanning. Wat doen ons geslag om 'n toekoms vir ons nageslag te skep?



Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media*. Dit sal op 'n periodieke grondslag verskyn en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: toekoms@suidland.net, 022 - 913 2391, 082 – 493 3785, Posbus 339 Piketberg 7320.

Vorige uitgawes kan per e-pos aangevra word.

Persone wat nie graag die nuusblad wil ontvang nie, kan slegs uitteken of vir ons laat weet om dit te doen.

